*Saterdag* **28 Februarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 6:1-8**
**Fokusgedeelte: Genesis 6:8**
**Te midde van die boosheid van die mensdom vind Noag genade in God se oë**

In Genesis 6:7 lees ons seker die verskriklikste woorde wat in die Bybel geskrywe is: *"Die Here sê ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af."*

- *Die skrikwekkende wegvee*

Die seuns van die Here het die dogters van die wêreld raakgesien. Die gevolg daarvan neem ons terug na die woorde van Genesis 3:6: *"… dit wat hulle sien was mooi om na te kyk en begeerlik."* Ons is terug by die sondeval. Die mens het steeds net slegte dinge bedink en dit was die oorsaak van die Here se droefheid, dit het Hom gegrief. Geeneen het dit verdien om oor te bly nie. God is regverdig in sy oordeel.

Voordat die Here sy straf, sy wegvee begin, word daar egter 'n deel van die geskiedenis van Genesis 6:8 af ingevoeg. Hierdie geskiedenis begin met die woorde: *"… maar Noag is deur die Here begenadig …"*

- *Die troosvolle redding*

Dit is opmerklik dat God deur die eeue heen sy kort verse in die geskiedenis van die mens invoeg. Verse wat te midde van duisternis en wanhoop lig en hoop bring. Lees maar Genesis 6:9: *"Hier volg die verhaal van Noag …"* Die geskiedenis van Noag leer vir ons hoedat God sy kinders red. Genesis 6 vertel vir ons van God se woede en van sy droefheid, maar dit wys ons ook op sy troosvolle redding.

Soos wat Noag se geskiedenis in Genesis 6 in 'n bose wêreld ingevoeg word om hoop te bring, so kom Jesus Christus eeue later vanuit die hemel in 'n bose wêreld in om daardie hoop waarheid te maak. Noag en die geskiedenis van die ark word op die einde Jesus Christus en die geskiedenis van ons redding.